Martie Retief Meiring



Soveel woorde. Soveel vrae. Soveel menings. Soveel antwoorde. Of geen antwoorde nie. Soveel ja-nees, soveel jy móét dit sien, soveel gaan kyk tog na dié of daai.

Ons dorp hou Woordfees. Woorde, klank en kleur. Dis altyd so met 'n fees, die jaarlikse inneem en opdam van inligting, indrukke en plesier. Besoekers van Nederland en Duitsland beskryf dit as 'n Afrikaanse fees, maar hier hoor jy Engels, Xhosa en selfs Vlaams.

Elke jaar is ons verbaas oor die genieting, die drang en die sweet-afvee. En menings. "Hierdie jaar is die vloekwoorde oral te hoor, maar mense loop nie meer uit nie." Of: "Hier is so baie jongmense hierdie jaar – 'n goeie teken, nè?"

Ook: "Wil oumense regtig kyk na stukke oor oumense met al hul lawwigheid en siektes en komplikasies?" (Die antwoord blyk ja te wees – oumense gaan kyk na ander oumense se dinge.)

Op 'n dag verdedig Zapiro sy reg om aanstoot te gee. Herinner ons aan die ontstigtende spotprent van Jacob Zuma en sy kalante rondom die verkragting van Vrou Justitia.

> **"Dis altyd so met 'n fees, die jaarlikse inneem en opdam van inligting, indrukke en plesier.**

Later lewer André Odendaal 'n onvergeetlike optrede van 'n drinker in sy eensaamheid. Oorkant die teater bak Koelsoem en Flori "soet goete" voor 'n waarderende gehoor. Die aand weerklink klanke, kitare, sang en algemene opruiery dwarsdeur die dorp.

Ons verwonder ons. Niemand praat meer van 'n boerebasaar nie. Die gespreksvenues is vol. Almal wil Sandra Prinsloo sien. Die *bands* bly nie agter nie.

Aangrypend is die kwessie van bruin wees. Sylvia Vollenhoven, gerekende aktivis, verklaar haarself nou 'n Khoi-San. Dié vurige, welsprekende vrou herinner ons dat die Khoi-San die eerste mense was wat teen die koloniste opgetree het.

Willa Boezak, steeds aktivis, verwerp die kleurbeskrywing. In die koloniale tye was dit *people of colour*; onder apartheid was dit kleurling. Boesak noem ons 'n potjiekoskultuur.

Kabbols Joggom, ook bekend as Hubert Matthews, 'n vurige en aangename vuurvreter van Macassar, verwerp ook die woorde kleurling en bruin. Hy het 'n boek geskryf met die titel *Die mooiste Kaap met die vieslikste geheim*. Hy is eers 'n mens, dan 'n Khoi-San.

In hierdie Praat Saam-bespreking bel 'n vrouestem. Die vermenging van bruin en wit is teen die Bybel. 'n Asemintreksug gaan deur die gehoor. Die jongman langs my, witter as ek, vertel dat sy ma 'n sogenaamde baster was wat met 'n Duitser getrou het. Hoe beskryf hy homself nou?

Elders troos prof. Anthony Butler dat ons land polities en ekonomies nog nie op die afdraandespiraal is nie. Prof. Jannie Rossouw, ernstig krities oor die land, reken ons het darem nog tot 2059 voor ineenstorting.

Tony Leon wonder of 'n "peace accord" nie nodig kan wees nie.

Ek kry 'n vriend op 'n bank sit. "Dink jy Daniël du Plessis is reg vir nr. 12?" O heng, dink ek, nóg 'n vraag.



**...ter aan Kaapstad verskaf, se vlak het teen Maandag ...m. Die dam was toe 40,8% vol.**

...die Universiteit ... het gesê hoewel ...beie vooruitsig ...rondom Junie is nie, is daar tekens dat "oorw... gend ondergemiddelde tempe... ture" verwag word.

"Dit kan die waarskynlikh...






# TYDELI...

KENNIS GESKIED HIERM...

| GEBIED | |
|---|---|
| Foreshore, Kaapstad SBD | Hertzog Boulevar... (Oswald Pirow) |
| Groenpunt | Helen Suzman B... |
| Noordhoek, Houtbaai | Chapman's Peak... |
| | |
| Foreshore | Hertzog Boulev... – Albei bane tu... |
| Foreshore | Heerengracht-... – Albei bane tu... |
| Foreshore | DF Malanrylaa... |
| Woodstock, University Estate | De Waalrylaan... – Uitwaarts tu... |
| SBD, Woodstock | Nelson Mande... |
| Hospitaldraai (N2, M3)-wisselaar | – Settlers Wa... – M3 oprit va... |
| Mowbray, Rondebosch, Newlands, Claremont, Bishopscourt | M3 (Rhoders... – Insluitend ... |
| Wynberg, Constantia, Tokai | M3 Hoofweg... – Suidwaart... |
| Tokai | Steenberg... |